



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2012

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter Teks: Transaksioneel/ Naslaan/Informatief | (20) |

Jy word sterk aangeraai om 80 minute aan AFDELING A, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C te bestee.

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ’n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke teks van ’n gepaste titel/opskrif.

**LET WEL:** Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Die lekkerste vakansie ooit! **[50]**

1.2 koebaai gister …
hallo vandag **[50]**

1.3

ek wil boer met woorde,
my kultivars self teel,
hektaar vir hektaar
met elke leser deel.

woorde ken nie grense
woorde ken geen prys,
tog handel en verhandel ek,
want woorde is soos spys.


woorde is ook gees
en gees is persoon.
in elke plek kán woorde
as mededelers woon.

[Bron: *Pro Rata,* "Dialoog" – Hendrik Januarie] **[50]**

1.4 Suid-Afrika is 'n land met volop geleenthede. **[50]**

1.5 My wenslys vir die lewe **[50]**

1.6 1.6.1




[Bron: http://noonecaresaboutwhatyoudo.com] **[50]**

1.6.2



[Bron: *Taalgenoot*, Junie 2009] **[50]**

1.6.3



[Bron: http://www.iagram.com]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

Kies EEN van die opdragte hieronder en skryf 'n SKRYFSTUK van 180–200 woorde.

2.1 **ARTIKEL**

Skryf 'n ARTIKEL vir die 2012-jaarblad oor 'n besondere onderwyser wat 'n groot invloed op die leerders se lewens gehad het. **[30]**

2.2 **FORMELE BRIEF – VERSOEK**

Jy is die organiseerder van die jaarlikse matriekmakietie by 'n gewilde vakansieoord. Jy beoog om 'n pakkie met lekkernye vir elke matrikulant te pak. Jy besluit om 'n bekende winkelgroep om 'n borgskap te nader.

Skryf 'n BRIEF waarin jy die rede vir jou versoek verduidelik en vir sekere lekkernye vra. **[30]**

2.3 **FORMELE VERSLAG**

Jy is die leier van 'n kerk/gemeenskap se jeuggroep wat 'n suksesvolle jeugnaweek gereël het. Jy moet terugvoering aan die jeugkomitee van die kerk/gemeenskap oor julle naweek gee.

Skryf 'n VERSLAG aan die kerk/gemeenskap se jeugkomitee. **[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jy word gevra om afskeid te neem van 'n klasmaat wat as uitruilstudent Amerika toe gaan.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK wat jy tydens die laaste klasperiode gaan lewer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF

### VRAAG 3


Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n SKRYFSTUK van 100–120 woorde.

3.1 **POSKAART**

Jy toer saam met jou sport-/kultuurspan na ’n sport-/kultuurnaweek.

Skryf ’n POSKAART aan jou ouers en vertel van die uitsonderlike sport-/kultuurprestasies van jou span.

Teken ’n vergrote poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor en skryf jou poskaart se inhoud op dié oorgetekende poskaart.




**[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jou skoollewe spoed ten einde. Ter afsluiting van jou skoollewe roep jy in twee dagboekinskrywings die soet én die suur van jou skooljare in herinnering.

Skryf dié TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS. **[20]**

3.3 **UITNODIGING**

Jou skool voer binnekort ’n revue/skoolkonsert op. Nooi die voorsitter van jul skool se Beheerliggaam uit.

Ontwerp die UITNODIGINGSKAARTJIE en gee al die tersaaklike inligting. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**